

Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
Faks (041) 3652586
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045

'n Blink toekoms begin hier!

NUUSBRIEF 10
1 APRIL 2021

UIT DIE KANTOOR

Goeiedag Ouers

LANGNAWEEK
Vrydag en Maandag is skoolvakansiedae. Geniet die lekker langnaweek. Spandeer tyd as gesin saam, ry veilig en kom uitgerus terug. Ons sien die leerlinge weer Dinsdag, 6 April 2021.

Mag almal 'n baie genotvolle Paasnaweek geniet en mag dit wat ons herdenk, opnuut betekenis vir almal kry.

SPENSIE-PENSIE GESKENKMANDJIE FONDSINSAMELING : 19 – 22 APRIL
Die insameling vir die geskenkmandjies vorder sommer baie fluks en ons wil net weereens elke ouer opreg bedank wat tot dusver geskenk het. Daar is nog kans tot volgende Vrydag, 9 April, om skenkings in te stuur. Ons wil dan ook herinner aan die lootjievorms wat tesame met die geld weer teruggestuur moet word teen 15 – 16 April.

BLOEDSKENK IN DIE SKOOLSAAL : 7 – 8 APRIL 2021
Graag doen ons 'n beroep op ouers en familie bo die ouderdom van 16 om betrokke te raak by die inisiatief. Ons wil graag skenkers wat 4 keer per jaar, d.w.s. een maal per kwartaal bloed skenk, werf. Ons eerste bloedskenk-geleentheid is op **7 – 8 April** en u is welkom om vanaf **09:00 – 15:00** in ons skoolsaal bloed te skenk. So maak ons 'n verskil in ander se lewens wat bloed nodig het om te oorleef.

HUISWERK
Ons is baie bekommerd oor die hoeveelheid leerders wat nie huiswerk doen nie en wat onvoorbereid vir toetse opdaag. Daar is alreeds leerders wat op 'n gereelde basis nie huiswerk doen nie. Ons wil u as ouers vriendelik versoek om elke dag seker te maak dat u kind sy/haar huiswerk doen.

Elke kind het 'n ordentlike huiswerkboek en u moet asseblief daagliks uself vergewis of daar iets in staan. Daar is geen verskoning vir leerlinge wat nie huiswerk doen nie. Let asseblief daarop

dat die leerlinge hulle boeke daagliks volgens hulle rooster (volgens die dag) kan inpak. Boeke wat by die huis vergeet word, word beskou as huiswerk wat nie gedoen is nie.

Onthou asseblief, die opvoeding van die kind is nie net ons taak nie, maar ons is vennote in dié aangeleentheid.

DIE RES VAN DIE KWARTAAL SE ROOSTER GRAAD 4 TOT 6

Die tabelle hier onder dui aan wanneer watter groep skool toe kom en watter dag se rooster ingepak moet word. Slegs grade 4 tot 6 volg die spesifieke rooster. Die grondslagfase- en graad 7-leerlinge sal 'n normale skooldagrooster volg. Die groepe waarin die leerlinge ingedeel is, verskyn in D6, onder bronne.

Bestudeer die onderstaande tabelle om u te vergewis van hoe dit gaan werk.

GROEP A

Datum	Dag	Rooster gevolg
2021/04/05	Maandag	**VAKANSIEDAG**
2021/04/07	Woensdag	Volg Woensdag se rooster
2021/04/09	Vrydag	**Volg Vrydag se rooster**
2021/04/13	Dinsdag	Volg Donderdag se rooster
2021/04/15	Donderdag	Volg Maandag se rooster
2021/04/19	Maandag	Volg Dinsdag se rooster
2021/04/21	Woensdag	Volg Woensdag se rooster
2021/04/23	Vrydag	**SKOOL SLUIT**

GROEP B

Datum	Dag	Rooster gevolg
2021/04/05	Maandag	**VAKANSIEDAG**
2021/04/06	Dinsdag	Volg Woensdag se rooster
2021/04/08	Donderdag	Volg Donderdag se rooster
2021/04/12	Maandag	Volg Maandag se rooster
2021/04/14	Woensdag	Volg Dinsdag se rooster
2021/04/16	Vrydag	**Volg Vrydag se rooster**
2021/04/20	Dinsdag	Volg Woensdag se rooster
2021/04/22	Donderdag	Volg Donderdag se rooster

VAKANSIENASORG: APRIL 2021

Die beheerliggaam het daartoe ingestem dat ons 'n opname maak om vas te stel hoeveel ouers 'n behoefte het om tydens die Aprilvakansie van ons nasorgdiens gebruik wil maak. Dit kan slegs aangebied word indien daar ten minste 10 leerlinge is wat daarvan gebruik wil maak.

Die voorgestelde tydperk is:

1. 28 – 30 April (3 dae). (Skole sluit 23 April 2021 en 27 April is 'n openbare vakansiedag)
2. U moet asseblief ook onderneem om die nasorgtye nl. ***07:15 -17:30*****, stiptelik te eerbiedig**.

Die tarief beloop R240 per kind en is vooruitbetaalbaar vir die volle tydperk. Indien u sou belangstel in April-vakansienasorg, stuur asseblief 'n e-pos na Mev. Laas : fin@lnpark.co.za

SPORTVERGADERING

Teken asseblief Woensdag 14 April 2021 op u kalender aan. Voor ons met sport gaan begin, wil ons eers 'n sportvergadering hou om al die inligting rakende hoe sport bedryf moet word, aan ons ouers deurgee.

TOELATING 2022: GRADE R en 1 (BESTAANDE OUERS)
Dit is alweer tyd dat ouers moet aansoek doen vir toelating tot die skool vir 2022. Die personeelvoorsiening van die Laerskool Newtonpark is afhanklik van ons jaarlikse inskrywings. Die skool moet ook jaarliks hierdie statistiek aan die departement van onderwys bekend maak.

Ons versoek ons bestaande ouers om ons so spoedig moontlik in kennis te stel indien u ‘n kind vir graad R of graad 1 in 2022 wil inskryf. Ons wil graag ons huidige ouers voorkeur gee om u ander kind ook by ons in te skryf.

Ons sal dit waardeer indien u ons skool by u familie, vriende en ander bekendes aanbeveel.

LAERSKOOL NEWTONPARK FACEBOOKBLAD
Besoek gerus ons skool se amptelike facebookblad, @LaerskoolNewtonpark.co.za, die blad se profielfoto is die skoolwapen. Dis lekker om na foto’s te kyk en met ons leerlinge te spog. Bly ook op hoogte met die nuutste gebeure.

SKOOLGELDE 2021
Baie dankie aan al die ouers wat so gereeld hul skoolgelde betaal. Ek wil tog ‘n vriendelike beroep doen op diegene wat agterstallig is, om die verpligting wat betref u kind se skoolgelde na te kom. Die skool is verantwoordelik vir sy eie rekeninge, want ons kry **minimale** hulp van die staat. Indien daar nie deur ouers gereageer word deur hul skoolgelde te betaal nie, sal die beheerliggaam genoodsaak wees om verdere stappe te neem. Die betaling van skoolgelde is ‘n wetlike verpligting (Staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

Die volgende wyses van betaling is beskikbaar: maandelikse debietorder oor 10 of 11 maande. (Januarie/Februarie – November en is opbetaalbaar voor/op 30 November 2020. ‘n Debietorder kan slegs op ‘n tjek-/spaar-/transmissie rekening ingestel word.) U mag ook die skoolfonds EFT. Indien u kontant wil betaal kan u by Mev. Laas of verkieslik direk in ons bankrekening betaal.
Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf, en u bewys van betaling aan fin@lnpark.co.za e-pos.

Alle graad R-gelde is maandeliks vooruitbetaalbaar; en nasorggelde is kwartaalliks streng vooruitbetaalbaar. Geen verligting word ten opsigte van hierdie dienste toegestaan nie, aangesien hierdie aktiwiteite deel van die skool se vrywillige program is.

KRY KORTING OP SKOOLGELDE
Indien u skoolgelde (graad R – 7) ten volle voor/op 31 Mei 2021 betaal word, kan u vir ‘n 5% korting kwalifiseer.

ELEKTRONIESE BETALINGS

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en/of u kind se van en naam verskaf. ‘n Bewys van betaling moet per e-pos na fin@lnpark.co.za gestuur word.

GEDAGTE VIR DIE WEEK
Is ek en jy bereid om die verantwoordelikheid op te neem om God se karakter in ons eie lewe en in mense rondom ons se lewe in te bou?
Verantwoordelikheid in die eerste plek vir myself, my eie geestelike groei, en dan ook vir ander mense.
(Karakterbou volgens Nehemia : Elsabé Diederichs)

SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:
Die volgende **datums moet u asseblief op u kalender aanteken:**

Ma – 5 April	:	**VAKANSIEDAG – Gesinsdag**
Di – 6 April	:	Skoolbywoning : **Groep B (Woensdag rooster)** **TOETS** : Geskiedenis graad 4 – 6 **TOETS** : KK graad 7
Woe – 7 April	:	**Skoolbywoning : Groep A (Woensdag rooster)** Klerewinkel **12:00-14:30** Bloedskenk in die skoolsaal **TOETS** : Geskiedenis graad 4 – 6 **TOETS** : LO graad 7
Do – 8 April	:	Skoolbywoning : **Groep B (Donderdag rooster)** Bloedskenk in die skoolsaal **TOETS** : Aardrykskunde graad 4 – 6 Graad R : Spraak-, Taal en Luistersiftingstoets (**Groep B**)
Vr – 9 April	:	Skoolbywoning : **Groep A (Vrydag rooster)** Klerewinkel **07:30-12:00** **TOETS** : Aardrykskunde graad 4 – 6 Graad R : Spraak-, Taal en Luistersiftingstoets (**Groep A**) OOV Spensprojek skenkings by skool (laaste dag)

SPORT & KULTUUR

SWEMKAMPIOENSKAP: 27 – 28 MAART 2021
Isabel Kühn in graad 5Z het die naweek van 27 tot 28 Maart aan die “South African Regional Level 2 Championship” deelgeneem. Haar uitslae vir dogters 10 jaar oud was as volg:

- 200m vryslag : 1ste
- 200m IM : 1ste
- 50m rugslag : 1ste
- 100m rugslag : 2de
- 100m vryslag : 1ste
- 50m vryslag : 1ste

Baie geluk met hierdie uitstekende prestasies, Isabel!

FRAMESBY 3KM PRETDRAF : 31 MAART 2021

Gerhard Dippenaar in graad 5V en Ben Nothnagel in graad 5Z was twee van 50 hoër- en laerskoolleerlinge wat op Woensdag, 31 Maart, aan Framesby se 3km landloop Pretdraf deelgeneem het. Gerhard het algeheel 8ste geeïndig maar 1ste onder die laerskoolleerlinge en Ben het algeheel 17de geeïndig. Baie geluk, jongmanne!

LAERSKOOL NEWTONPARK GQEBERHA

TYDELIKE BEHEERLIGGAAMPOS
1 JUNIE 2021 TOT 1 OKTOBER 2021
Grondslagfase
Opvoeder: Graad 1

Taal van onderrig: Afrikaans
Meld buitemuurse ervaring.

Sluitingsdatum: 16 April 2021
Stuur aansoek aan:
Die Skoolhoof, Laerskool Newtonpark,
e-pos na: skoolhoof@lnpark.co.za
Navrae: 041 – 3651233

- Slegs persone wat na die onderhoud genooi word sal gekontak word.
- **Die persone wat genooi word vir die onderhoud, moet 'n Polisie klaringsbewys indien by die onderhoud.**
- **Die beheerliggaam behou homself die reg voor om nie die pos te vul as 'n geskikte persoon nie gevind word nie.**